SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 06 MAART 2022

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins uit in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

SARL Nuus en Amateur Radio Today opnames. Terwyl daar aandag gegee word aan die probleme wat sommige lede ervaar met toegang tot die SARL-webbladsye, is 'n bykomende kanaal nou vanaf hierdie Sondag beskikbaar. Teken in by www.amateurradio.org.za om die weeklikse SARL News-oudio-opnames af te laai en om Amateur Radio Today te luister of af te laai.

In die nuus vandag:

DIE SARL HAMNET 40 M-KOMPETISIE VANMIDDAG

DIE UITSLAG VAN DIE ELEKTRONIESE STEMMING VIR DIE SARL FJS

en

DIE 2022 SARL NASIONALE KONVENSIE BOEKIE

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

DIE SARL HAMNET 40 M-KOMPETISIE VAN MIDDAG

Die gewilde SARL HAMNET 40 m-kompetisie vind vandag Sondag 6 Maart tussen 12:00 tot 14:00 UTC plaas. Hierdie is 'n ESB-kompetisie op die 40 m-band en is oop vir alle radio amateurs in Suid-Afrika en buurlande. Toets jou operateurs-vaardigheid en stasie ontwerp om te sien hoe goed jy kan doen en waar jy kan verbeter. Daar is verskeie kategorieë, antenna beperkings en vermenigvuldigers - maar gelukkig is alles wat jy oor die kompetisie moet weet op bladsye 68 en 69 van die 2022 SARL Blou Boek beskikbaar. As die weer dit toelaat, gaan buite en geniet dit.

Die Alle Afrika Toekenning Uitdaging

Behaal jou AAA teen 30 September 2022 en staan 'n kans om 'n SARL-lidmaatskap vir een jaar te wen - alle roepseine gaan in 'n gelukkige trekking. Jy kan GG-, foon- en digitale modusse gebruik - Geen FT-modusse nie.

DIE UITSLAG VAN DIE ELEKTRONIESE STEMMING VIR DIE SARL FJS

Die stemming het om 23:59 SAT op Donderdag 3 Maart gesluit vir die SARL Finansiële Jaarstate gedateer 30 Junie 2021. Daar is 1 648 SARL-lede wat kan stem. Slegs 187 SARL-lede of 11,35% het hul stem uit gebring. Stemme ten gunste - 181. Stemme teen - 1. Onthoudings - 5. Die 2021 FJS word dus aanvaar. Dankie aan die wat gestem het.

DIE SARL VELDDAG

Die eerste been van die SARL Velddag vind plaas vanaf 08:00 UTC op Saterdag 12 Maart tot 10:00 UTC op Sondag 13 Maart 2022 met foon- en GG-aktiwiteit op 160 tot 10 meter. Die uitruiling is die aantal senders by jou stasie, die Velddag-bedryfs klas waaraan jy deelneem en die provinsiale of land-afkorting. Dien jou logstaat in ADIF of Cabrillo in met 'n opsommings blad of gebruik die MS Excel-logstaat en stuur dit teen 21:59 UTC op Vrydag 18 Maart na contest@sarl.org.za. Kry al die inligting op bladsy 64 tot 67 van die 2022 Blou Boek en onthou daardie foto van amateur radio in aksie, dit kan op die voorblad van Radio ZS beland!

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

DIE RSGB STATEBOND-KOMPETISIE

Die 85ste RSGB Statebond-kompetisie sal op die lug wees vanaf 10:00 UTC op Saterdag 12 Maart tot 10:00 UTC op Sondag 13 Maart met GG-aktiwiteit op 80 tot 10 meter. Die uitruiling is 'n RST-verslag plus 'n reeksnommer wat by 1 begin, HK-stasies (bv. ZS9HQ) stuur ook 'HQ' wat aan geteken moet word. Dien jou logstaat in Cabrillo-formaat in binne 5 dae na die einde van die kompetisie www.rsgbcc.org/cgi-bin/hfenter.pl. Kry die reëls op bladsy 80 tot 82 van die Maart 2022 Radio ZS of besoek www.rsgbcc.org/hf/rules/2021/rberu.shtml.

DIE 2022 SARL NASIONALE KONVENSIE BOEKIE

Die 2022 SARL Nasionale Konvensie-boekie is beskikbaar vir aflaai vanaf die voorblad van die SARL-webwerf. Die Boekie bevat die program vir die Amateur Radio in die Digitale Era Simposium op Saterdag 9 April en die agenda vir die SARL AJV op Saterdag 23 April 2022. Dit sluit in die voorgestelde begroting en ledegeld vir 2022/2023, die twee mosies vir bespreking en 'n voorstel om die 2023 SARL Nasionale Konvensie aan te bied.

TERUGVOER VAN DIE SANDTON ARK

Gary, ZS6YI, saam met Adi, ZS6CNC en Johan, ZS6KY, wat 'n regstreekse QO-100-stasie tydens die Tech Talk aan die gang gehad het, het baie vrae beantwoord en 'n baie insiggewende praatjie oor die QO-100-satelliet gelewer met alles wat geleer is oor hoe die beste om jou eie stasie op te stel tydens die 23 Februarie 'Power Hour Tech Talk.' Het jy geweet dat die satelliet beide smal-band- en wye band-transponders het, wat behalwe GG, ESB en digitale modusse wat jy digitale TV via die satelliet kan uitstuur en ontvang, waarvoor sy bakens gebruik word en dat LEILA ontsteld raak as jy meer krag gebruik as die bakens?

'n Groot dankie aan ons spesiale gaste, diegene wat aangebied het om ander te help om hul stasies op te stel en aan al 28 plaaslike en internasionale deelnemers wat ons laat weet het dat hulle op frekwensie was. Die volgende 'Tech' Talk vind plaas op Woensdag 30 Maart, met spesiale gas, Stewart, ZR6WT, wat ons alles gaan vertel oor JS8Call, 'n werklik interaktiewe en innemende swak sein digitale modus. Besoek die SARL se Komende Gebeurtenis-dagboek vir besonderhede.

Op 27 Februarie het die jakkals sy bes gedoen om nie gevind te word nie, aangesien die soek-gebied groot was en die jakkals se sein moeilik om te ontvang. Dit het daartoe gelei dat die jagters die paaie soekend hoog en laag gereis het en toe hulle dit uiteindelik kry en hul motors parkeer, het die jakkals hulle toe met 'n lieflike rivier oewer-roete gelei na sy Den.

Dankie aan al die jagters wat saam gekom en deel geneem het, en baie geluk aan die Eerste te Vind Jagter, wat 'n super FTF-trofee huis toe geneem het. Ons nooi almal uit om die volgende jag vir Saterdag 26 Maart aan te teken. Bronne sê hierdie een sal 'n wandeling in die park wees. Sal jy die Jakkals kan vind? Besoek weereens die SARL Komende Gebeurtenis-dagboek vir besonderhede.

DIE UITSLAE VAN DIE SARL SATERDAG 40 M KLUB KOMPETISIE

Vyf-en-veertig (45) logstate is ontvang vir die 1ste been van die SARL Saterdag 40 m Klub kompetisie - 44 logstate is by die uitslae ingesluit, log no. 45 is leeg! Die volledige stel uitslae kan gevind word in HF Happenings 985.

Klub tellings

1ste die Wesrand ARK - 1 252 punte

2de die Bloemfontein ARK - 361 punte

3de die Noord-Kaap ARC - 358 punte

Individuele tellings

1ste Michael, ZS4BHF - 181 punte

2de Jan, ZS4JAN - 180 punte

3de Kobus, ZS6BOS - 147 punte

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag tot gematig gaan wees. Tans is daar 'n aantal sonvlekke met eenvoudige tot meer gevorderde magnetiese samestellings sigbaar. Daar is 'n moontlikheid van C-klas en 'n geringe kans van M-klas sonfakkels. Diegene wat hulle eie frekwensie voorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van 51 vir die week gebruik. Radio amateurs kan goeie DX openinge op die 10 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die dagboek van gebeure vir die volgende paar weke:

Vandag – die SARL HAMNET 40 m kompetisie en die ARRL Internasionale DX Foon kompetisie

08 Maart – Internasionale Vroue dag

10 Maart – die sluitingsdatum vir YL logstate

11 Maart – die sluitingsdatum vir Hamnet logstate

12 en 13 Maart – die SARL Velddag en die RSGB Statebond kompetisie

16 Maart – die SARL Woensdag 80 m Klub kompetisie

17 Maart – binnelandse skole sluit

18 Maart – die sluitingsdatum vir Velddag logstate

19 en 20 Maart- die SARL BHF/UHF Analoog kompetisie

20 Maart – Herfs nagewening om 17:32 SAT

21 Maart – Menseregte Dag

23 Maart – die Sandton 'Talking Tech Power Hour'

25 Maart – kus skole sluit

26 Maart - die Sandton ARK Jakkals jag

26/27 Maart – die CQ WPX ESB kompetisie

27 Mar – die sluitingsdatum vir SARL BHF/UHF Analoog logstate

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die gewilde SARL HAMNET 40 m-kompetisie vind vandag Sondag 6 Maart tussen 12:00 tot 14:00 UTC plaas. Hierdie is 'n ESB-kompetisie op die 40 m-band en is oop vir alle radio amateurs in Suid-Afrika en buurlande.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Vrydag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, geskryf deur Andy Cairns, ZS6ADY, geredigeer deur Vivian Dold, ZS6VD en gelees deur .....

Van die Nuusspan, die beste wense vir die week vorentoe.